## JONGES SKITTER IN DIE MODEWÊRELD

VAN BLADSY 88

### JOAN MULDER

"Ek maak ook nie net klere vir dié met 'n wilgerlatfiguurtjie nie. Dit is vir my 'n heerlike uitdaging om vir iemand met 'n figuurprobleem, iets te maak wat juis die probleem verbloem en haar besonders laat lyk."

Joan ontwerp hoofsaaklik klere vir uithang-geleenthede; soos 'n troue, 'n matriekafskeid of 'n besonderse partytjie.

Van Joan se gunsteling-bekendes met uitsonderlike kleresmaak sluit in die hertogin van Kent, Grace Kelly en Jacqueline Bouvier-Kennedy.

"Baie mense dink verkeerdelik jy het 'n plaas se geld nodig om altyd goed te lyk. Met slim beplanning kan jy met die minimum geld ook, soos die Amerikaners sou sê, *soos 'n miljoen dollar* lyk," meen sy.

Joan het 'n kursus in mode-ontwerp aan die Tegniese Kollege in Pretoria gevolg en onthou goed hoe sy destyds op 'n klein begroting 'n spesiale aandrok aanmekaar moes flans.

"Ek het sommer uit gewone swart-en-wit katoenstof wat my destyds skaars R3 'n meter gekos het, 'n rok ontwerp en het met dié goedkoop materiaal en al 'n A plus vir dié ontwerp gekry."

Joan is nie mode-ontwerper vir die geld wat in die soort werk steek nie.

"Ek sou alles liefs gratis vir mense maak. Ek doen dit omdat dit nog altyd my groot droom was om klere te ontwerp en omdat dit 'n lewensliefde is." ●

### RICI LE ROUX

VAN BLADSY 89

dikwels om 'n sekere soort ontwerp te doen.

"Die motief moet hom ook altyd leen tot die styl van die rok. Juis die versiering maak die rok 'n unieke skepping," meen Rici.

Rici het haar skoolloopbaan aan die skool vir kuns, musiek en ballet in Pretoria voltooi en het op kollege in Pretoria tekstielontwerp bestudeer.

Sy het ook 'n ruk lank by 'n klerefabriek in Kaapstad gewerk, waarna sy drie jaar in Duitsland verder studeer het.

"Ek was in 1976 in Duitsland met vakansie en het sommer op die ingewing van die oomblik besluit om te bly.

"Ek was gelukkig om as gasstudent in tekstielontwerp by 'n kunsskool in Hamburg toegelaat te word.

"Ek het met allerhande ontwerpe gewerk – van klere en materiale tot muurpapier en gordyne."

In 1979 het sy na Suid-Afrika teruggekeer en by Truk se rekwisiete-afdeling begin werk. "Ek het dié tydjie baie geniet – maar kon ongelukkig nie 'n goeie bestaan maak nie."

Daarna was sy by 'n tekstielvervaardiger werksaam en het ook winkelvenster-uitstallings by afdelingswinkels ontwerp.

"Toe het ek besluit om ma te word. Terwyl ek Chris verwag het en toe hy 'n baba was, was dit dié regte tyd om van die huis af te begin werk. Ek wou met iets heeltemal nuuts begin en het op appliekwerk besluit. Eers het ek my hoofsaaklik met muurbehangsels en beddekens besig gehou."

Bestellings het letterlik ingestroom. Sy het 'n uitstalling van haar werk gehou, en mense was gaande daaroor.

Die appliekwerk is nie vir Rici net 'n werk nie – sy is besonder lief daarvoor en dra meestal van haar eie ontwerpe.

Sy bied ook een keer 'n week appliekklasse by haar huis aan.

"Ek doen dié werk gewis nie net vir die geld nie – ek doen dit omdat ek dit rêrig geniet en dit my die sielerus gee wat ek nodig het."

Rici maak graag 'n eie reeks ontwerpe ongeag die gewildheid daarvan.

Van die appliek-onderbaadjies uit haar onlangse winterreeks het sóveel aftrek gekry, dat Rici dit selfs oorweeg om daarvan uit te voer.

Rici skilder graag en loop juis nou 'n portretstudie-kursus.

Sy kook ook graag en is 'n tuisteskepper soos min – hiervan getuig die gesellige plaaskombuisie en kleurryke sitkamer.

"Ek hou van baie fyn besonderhede – seker omdat ek as tekstielontwerper altyd baie sier-ontwerpe geskep het." ●

## MY TIENER EN SEKS

VAN BLADSY 77

**GESINSBEPLANNINGSDIENSTE**

**Transvaal**
Skakelpersoon: mev. A. Banks (Gesinsbeplanning), Derde verdieping, Marlborough-huis, Eloffstraat (tussen Commissioner- en Foxstraat) Johannesburg. Tel. (011) 331 2895

**Wes-Kaap**
Skakelpersoon: mev. E. Greathead
WOODROW-ADVIESSENTRUM
Werdmullersentrum 43, Mainstraat, Claremont, Kaapstad. Tel. (021) 64 4330

**Oos-Kaap**
Skakelpersoon: mev. P. Aarts (Gesinsbeplanning), Fettesweg 39 Noordeinde, Port Elizabeth. Tel. (041) 39 2212

**Natal**
Skakelpersoon: mev. P. Kosik (Gesinsbeplanning), Commercial City 705, Commercialweg, Durban. Tel. (031) 32 2588

Die departement van Gesondheid verskaf ook gesinsbeplanningsdienste. Skakel jou naaste munisipaliteit vir meer besonderhede. ●

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 1 bol Coats Tridalia Nr. 8 of Erika Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.*

**MATE:** *Ongeveer 28 x 43 cm.*

**SPANNING:** *2½ spasies en 6 rye = 2,5 x 2,5 cm.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; ls(e) – lus(se); st(e) – steek(steke); sp(s) – spasie(s); herh – herhaal; tr – trossie; vlg – volgende; RK/VK – regte/verkeerde kant; goh – gare oor hekelpen.*

**MIDDELSTUK:** Begin met 122ks.

**1e ry:** (VK) 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, (5ks, slaan 4 ste oor, 1kb in vlg st) 24 keer, draai.

**2e ry:** 4ks, hou laaste lus van elke st op hekelpen en hekel 2dsl in vlg kb, wat die laaste kb van vorige ry is; goh en trek deur al die lusse op hekelpen (= 'n 2dsl-tr gevorm); *(3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, (8ks, 1kb in vlg ls, 3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 3ks, 3dsl-tr in vlg kb; herh vanaf * nog 3 keer, draai.

**3e ry:** 5ks, slaan vlg ls oor, 1kb in vlg ls, (5ks, 1kb in vlg ls) 4 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, *(5ks, 1kb in vlg ls) 5 keer, 5ks, 1kb in vlg tr; herh vanaf * nog 2 keer, 4ks, draai.

**4e ry:** 1kb in vlg ls, 3ks, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, *3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb; herh vanaf * nog 2 keer, 3ks, 1kb in vlg ls, 1dsl-tr in laaste tr van 2e laaste ry, 5ks, draai.

**5e ry:** 1kb in vlg tr, (5ks, 1kb in vlg ls) 3 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, *5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr, (5ks, 1kb in vlg ls) 3 keer, 5ks, 1kb in vlg tr; herh vanaf * nog 2 keer, 5ks, 1kb in 4e van 4ks, 7ks, draai.

**6e ry:** (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, 3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, *8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, 3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg lb) 2 keer, herh vanaf * nog 2 keer, 3ks en 1dsl in vlg dsl d.w.s. in laaste st wat op tweede laaste ry gehekel is), draai.

**7e ry:** (5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr) 2 keer, *(5ks, 1kb in vlg ls) 3 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, 5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr; herh vanaf * nog 2 keer, 5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in 4e van 7ks, 4ks, draai.

**8e ry:** 1kb in vlg ls, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, 1kb in vlg ls, *3ks, 1kb in vlg ls, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, 1kb in vlg ls; herh vanaf * nog 2 keer, 1dsl in vlg dsl (d.w.s., in laaste st wat in 2e laaste ry gehekel is), draai.

**9e ry:** (5ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, *(5ks, 1kb in vlg ls) 5 keer, 1kb in vlg tr; herh vanaf * nog 2 keer, (5ks, 1kb

in vlg ls) 2 keer, 5ks, 1kb in 4e van 4ks, 7ks, draai.

**10e ry:** (1kb invlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, 3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, *(3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, 3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb; herh vanaf * nog 2 keer, 3ks, (1kb invlg ls, 3ks) 2 keer, 1dsl in vlg dsl, draai.

**11e ry:** 3ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr, 5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr, *(5ks, 1kb in vlg ls) 3 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, 5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in vlg tr; herh vanaf * nog 2 keer, 5ks, 1kb in vlg ls, 5ks, 1kb in 4e van 7ks, 4ks, draai.

**12e ry:** 1kb in vlg ls, 3ks, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, *3ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 8ks, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, 3dsl-tr in vlg kb; herh vanaf * nog 2 keer, 3ks, 1kb in vlg ls, 1dsl in vlg dsl, draai.

**13e ry:** *5ks, 1kb in vlg tr, (5ks, 1kb in vlg ls) 3 keer, 5ks, 1kb in vlg tr, 5ks, 1kb in vlg ls; herh vanaf * nog 3 keer, en plaas laaste kb aan einde van laaste herh in 4e van 4ks, draai.

**14e ry:** Soos 2e ry, maar hekel laaste 3dsl-tr aan einde van laaste herh in vlg dsl, draai.

**15e tot 25e ry:** Soos 3e tot 13e ry.

Die laaste 12 rye vorm patroon.

Herh die patroon nog 5 keer. Herh 14e en 15e ry nog een keer, maar laat laaste 4ks aan einde van laaste ry weg en draai.

**OMRANDING: 1e rondte:** *3ks, 1kb in vlg ls, 3ks, (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr) in vlg kb, 3ks, 1kb in vlg ls; herh vanaf * oor eerste sykant, 3ks, 1kb in vlg tr (laaste tr wat in tweede laaste ry van middelstuk gehekel is), 3ks, draai om hoek en hekel oor volgende sykant: (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr) in dieselfde steek as die tr, **3ks, steek hekelpen in vlg sp (wat stammetjie van vlg dsl is) en hekel (1kb, 3ks, 1kb) 3ks, steek pen in vlg sp, (= stammetjie van vlg dsl) en hekel (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr); herh vanaf ** oor dié sykant, 3ks, (1kb, 3ks, 1kb) in vlg hoek, hekel oor volgende 2 sykante soos uiteengesit, eindig met (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr) in dieselfde st as eerste tr van tweede laaste ry van middelstuk, 3ks, gs in bopunt van dieselfde tr.

**2e rondte:** Hekel in vlg hoeklus 1gs, 4ks, 2dsl-tr, 3ks, 3dsl-tr, 5ks; **(1kb, 2ks, 1kb) in vlg 2ks-sp, 5ks, *slaan vlg ls oor, 3dsl-tr in vlg 3ks-sp, 5ks, (1kb, 2ks, 1kb) in vlg 2ks-sp, 5ks*; herh van * tot * oor sykant, (3dsl-tr, 3ks, 3dsl-tr) in vlg hoek-ls, 5ks; herh vanaf ** nog 2 keer, herh van * tot * een keer, eindig met gs en 4e van 4 begin-ks.

**3e rondte:** Hekel in vlg hoek-ks 1gs, 4ks, 2dsl-tr en (2ks, 3dsl-tr) 2 keer, **3ks, *1kb in vlg ls, 3ks, 3dsl-tr in vlg 2ks-sp, 3ks, 1kb in vlg ls, 3ks*; herh van * tot * oor eerste sykant, hekel in vlg hoek (3dsl-tr, 2ks) 2 keer plus nog 'n 3dsl-tr; herh vanaf





# OUTYDSE PRAG

** nog 2 keer, 3ks, herh van * tot * nog een keer en eindig met gs in 4e van 4 begin-ks.

**4e rondte:** Hekel in vlg 2ks-sp: 1gs, 4ks, 2dsl-tr, 2ks en 3dsl-tr; 2ks, hekel in vlg 2ks-sp (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr), **3ks, slaan vlg ls oor, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer, *(3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr) in vlg 3ks-sp, (3ks, 1kb in vlg ls) 2 keer, 3ks*; herh van * tot * oor sykant tot vlg hoek, slaan vlg ls oor, hekel in 2ks-sp (3dsl-tr, 2ks en 3dsl-tr), 2ks, (3dsl-tr, 2ks, 3dsl-tr) in vlg 2ks-sp; herh vanaf ** nog 2 keer, 3ks, slaan vlg ls oor, (1kb in vlg ls, 3ks) 2 keer; herh van * tot * nog een keer en eindig met gs in 4e van 4 begin-ks.

**5e rondte:** **(1kb, 3ks, 1kb) 3 keer in vlg 2ks-sp, 5ks, slaan vlg ls oor, 1kb in vlg 3ks-sp, 5ks, *(1kb, 3ks, 1kb) in vlg 2ks-sp, 5ks, slaan vlg ls oor, 1kb in vlg 3ks-sp, 5ks*; herh van * tot * oor sykant tot vlg hoek; herhaal vanaf ** nog 2 keer; herh van * tot * nog een keer, eindig met gs in 1e kb. Knip gare af en werk netjies af.

**AFWERKING:** Maak klam en speld uit volgens mate; laat droog word. ●